Eerste Gelui

4 Desember 2022

Nuus oor die komende week, **NG Kerk Kleinmond**
Arabella, Bettysbaai, Kleinmond, Pringlebaai, Rooiels

Ter wille van jou eie verhouding met die Here en toerusting om jou spesifieke roeping deur die Here uit te leef, nooi ons jou uit na ons eredienste.

Gemeente-sentrum: 09:00
Ds. Louis Fourie
Skriflesing: Eksodus 15: 22-27 en 16: 1-15
Tema: Kwartel à la manna en dankbaarheid

Kerksaal: 09:00
Dr. Chris Malan
Skriflesing:
Tema:

Kerkgebou: 09:30
Ds. Jannie Hougaard
Skriflesing: Joh 1:1-4+14,12:35-36
Tema: Mense van die Kersliggies.

Die diens in die kerkgebou word op Kieskerk geplaas.
Die skakel na Kieskerk:
https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/
https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/

Deuroffers

Die deuroffer is vir **Plaaslike Getuienis.**
Volgende Sondag is dit vir ons **Stranddiensspan.**

Program vir die week

Dinsdag 6 Desember
16:30 Gebedsgroep
Woensdag 7 Desember
Dagbestuur vergader 08:30

Hangklip vier Sondag dankbaarheid met 'n Dankbaarheidsdiens gelei deur ds. Louis Fourie.
Aan die einde van verlede jaar is 'n Dankbaarheidsmuur in die voorportaal van die Sentrum begin waardeur persone hul naam en/of gunsteling Bybelvers op 'n plaatjie kan druk. Dit word dan op die muur aangebring. Daardeur borg persone as 't ware 'n steen in die Gebou van God waarvan Jesus Christus die fondament is (n.a.v. 1 Kor 3: 9 en 11). Die muur word deurlopend aangevul soos mense daarvan bewus word.

Getuienisaksie: Verskilmakers waar nood is.

- Die **Crisis Response Network** (CRN) met Yolandé Korkie aan die spits, is een organisasie waardeur ons gemeente met ons voorbidding en bydraes 'n verskil maak.

Die jongste nuusbrief vertel van noodverligting in die vlugtelingkamp in Uganda waar vir tieners geleer is wat in dié fase in hulle liggame gebeur, asook die risiko's wat huwelike met veel ouer mans inhou. ("**She's a child not a bride**.") Saam daarmee is noodsaaklike lewensmiddele uitgedeel en is dit vir die gretiges moontlik gemaak om te kan sokker speel.

In Noord-Mosambiek is die nood aan kos en water baie groot, en ook hier word hulp-programme aangepak.

Behoeftige vlugtelinge reageer met *"We can now see that God has not forgotten us"*. Die hulpspanne reageer weer met *"Ons is bevoorreg om die beste sitplekke te hê en te sien hoe God mense se lyding verlig"*.

- **Anibal Guambazi**, 'n topstudent van Hefsiba-instituut (Mosambiek) vir wie ons gemeente die afgelope drie jaar maandeliks ondersteun het, voltooi in Desember sy teologie-kursus en gaan vanaf Januarie 2023 deur die Mosambiekse sinode in 'n gemeente geplaas word.

Die rektor het sy dank aan ons gemeente oorgedra en gevra ons moet asb. oorweeg om volgende jaar steeds 'n student te help.

Meelewing

Ons dink aan en bid vir almal wat siek is.
Veral dink ons aan Jurie Steyn van BB6,
Adri Garbers van Bb3,
Marie Groenewald van KB3, Joey Prinsloo van Sb3,
Dawie Kruger van Bb2, Hannes Cloete van KB1,
Pietie Roux van Ba2 en Pierre le Roux van Sa3.
Ons dink ook spesiaal aan Basil en Hettie Thorpe van Sa2 wie se seun, Colin, oorlede is.

KERSFEES-BEDERF

Die Desember-vakansie is om die draai ...
Soos in die verlede, wil Diens van Barmhartigheid graag vanjaar weer ‘n verrassingspakkie met bederf-dinge uitdeel.
Ons nooi jou uit om weer deel hiervan te wees en by te dra in die vorm van koekies, beskuit, lekkers, sap, koeldrank, soutbeskuitjies, chippies, sjokolade ...
U is welkom om dit **voor 11 Desember 2022** na die Kerkkantoor te bring, of in die houer by die kerkdeur te plaas. Daar sal ook ‘n houer by die Gemeente-sentrum (Bettysbaai) beskikbaar wees.
Hierdie bederf-dinge sal ‘n groot verskil in heelwat mense se Fees-seisoen maak. **Baie dankie**.

Dr. Chris se afskeidspreek

Dr. Chris preek die laaste keer as amptelike predikant van ons gemeente op 11 Desember in Hangklip se kerk. Sy afskeidspreek is op 18 Desember in die kerkgebou. Na die diens gaan ons saam tee drink. Om te weet vir hoeveel persone reggemaak moet word, moet ‘**n kaartjie vir die teedrinkery** by die kerkkantoor gekry word. Dis heeltemal gratis – net ter wille van getalle.

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar. Mag die nuwe lewensjaar vol vreugde en vrede wees.

3 Desember

Marlene Basson 0724776109 van Sb4
Marie Burger 0824169815 van Sa1
Jacoline Cardoso 0828295875 van Ba3
Philda Heidmann van Sb1
Marais Jones 0832928272 van Ba1
Deon Joubert van Sc3
Mario Tait 0845150688 van Sa3
Estra van Veen 0749203239 van Sa2
Dalene Badenhorst 0727884949 van Sb3

4 Desember

Adam Mantell van PB1
Liam Mantell van PB1
Charlotte Swart van KP

5 Desember

Marlene Oosthuizen 0722120055 van BB5
Johan Toerien 0712713544 van Bb 2
JC van der Merwe 0825617709 van KP1
Charlie van Heerden 0825758770 van KB2
Helen Visser 0827555298 van KB1

6 Desember

Marguerite Botha 0726388796 van KP1
Annamie Carstens 0825521249 van Sc4
Leon Matthys 0826694439 van PM4
Tanya Nieuwoudt van Sa1
Mariëtta Pienaar 0833990465 van KB3
Janica van Niekerk van KB2

7 Desember

Delia Coetzee 0825541775 van KB5
Miekie Coetzee van Ba1
Willem Mouton 0766890101 van PM1
Magda Porteus 0824082066 van Ba1
Lynn-Mari Smit van Ba1
Bruwer van Niekerk 0834123013 van BB2

8 Desember

Annari Coetzee 0826843569 van Bb 4
Retha de Wet 0722037898 van KP1
Anmar Marais 0825639910 van Sc3
Ina Rietmann 0823160382 van Ba1
Maria van den Berg 0786192900 van Bb 2
Hester van der Merwe 0823259071 van Sa1

9 Desember

Inette Cloete 0828782252 van KB5
Marianne de Wet 0827883235 van Ba1
Daniël Nel van BB4
Andries Truter 0781020662 van KB5
Karin Viljoen 0732147290 an PM3

Baie welkom!
Ons het die bewys van lidmaatskap van die volgende lidmate ontvang:
Monica Machts van Bloemfontein-Wes (KB4)
Winniefred Mavis du Plessis van Witbank (BP2b)
Ons hoop hulle voel al tuis en deel van die gemeente.

Piet en Elsabé Roos verlaat die gemeente Wyk Sb2 wil hulle bedank vir al die jare se betrokkenheid en hoop hulle sal gelukkig wees in Malmesbury.

Kleinmond Deurry-ete

Die laaste deurry-ete in Kleinmond was verlede Saterdag gehou. Dankie aan almal se bydraes en hulp. Ons is dankbaar dat R7 000 inbetaal kon word.

Baie dankie aan almal wat deur die jaar van hierdie pogings' n groot sukses gemaak het. Ons sal volgende week die finale bedrag vir die jaar se fondsinsamelings bekendmaaik.

KERSSANGDIENSTE

Sondagaand 11 Desember om 19:00 hou die die Kleinmonders hul jaarlikse Kerssangdiens in die kerkgebou. Dit is altyd 'n belewenis – 'n geleentheid wat nie misgeloop kan word nie. By voorbaat baie dankie aan ons orrelis, Rika Steenkamp, die koorleier, Cecile Coetzee en al die koorlede.

En op 18 Desember tydens die erediens hou Hangklip hul Kerssangdiens. Baie dankie aan Marianne Gouws en al die betrokkenes wat hard werk om daarvan iets baie besonders te maak.

VAKANTE LERAARSPOS KLEINMOND GEMEENTE

Hiermee maak ons nou vir die eerste maal ons leraarsvakature formeel bekend. Die vakature het ook op 2 Desember in die VrydagNuus van die Sinode van Wes-Kaap en in die Kerkbode verskyn.

Twee redes waarom ons dit in die Eerste Gelui plaas:

a. Om al ons lidmate te herinner om asseblief **getrou vir die beroepingsproses voorbidding te doen.**
b. Indien enige lidmaat 'n leraar vir hierdie pos wil nomineer/aanbeveel, is daar **'n voorgeskrewe prosedure** wat in die onderstaande bekendstellings-formaat **onder die hofie** "**Aansoeke**" uiteengesit word. Hiérdie inligting **moet jy asseblief** onder die aandag bring van die persoon wat jy graag wil nomineer sodat hy/sy vir ons kan aandui of daar regtig belangstelling is.

DIE VERDERE VERLOOP VAN DIE BEROEPINGSPROSES

- ***Sluitingsdatum*** vir aansoeke: 13 Januarie 2023.
- ***Beroepingsvergadering***: As alles volgens plan verloop, DV voor die einde van Januarie 2023.
- ***Ontvangs en bevestiging*** van ons nuwe leraar: As alles volgens plan verloop, DV deur die loop van April 2023.

Die formele bekendstelling lui so:

NG GEMEENTE KLEINMOND: Vakature: Voltydse Onbepaalde termyn Leraarspos

Gemeenteprofiel

- Kleinmond is ‘n pragtige kusdorp, ongeveer 90 km vanaf Kaapstad, deel van die Overbergstreek en geleë in die Kogelberg Biosfeer, een van die rykste fynbosgebiede ter wêreld. Dit is ‘n dinamiese dorp en beleef tans positiewe groei.
- Ekonomie: Klein besighede en toerismebedryf.
- Lidmate: 1 512 belydende- en 123 dooplidmate.
- Gemeenteroeping: “Draers van Sy Lig, Verskilmakers met deernis en Ambassadeurs van hoop”.
- Gedurende 2023 skakel ons oor na ‘n kernkerkraad en 3 wykskerkrade om die uitleef van ons roeping beter te fasiliteer.
- Indien jy meer inligting oor die gemeente verlang, vra dit by ngkkleinmond@gmail.com aan.

Leraarsprofiel

- Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde (2019), as riglyn.
- ‘n Entoesiastiese en meelewende leraar wie se lewe getuig van ‘n lewende verhouding met God Drie-Enig.
- Ontvanklik vir vernuwing en die bestuur van verandering.
- Vereenselwiging met die gemeenteroeping (soos hierbo vermeld) – dus iemand wat saam met ons bly dink oor God se pad met ons gemeente.
- Inspirerende leidinggewing en goeie bestuursvaardighede om die verskillende onderafdelings van die gemeente saam te bind.
- Aktuele en Woordgetroue prediking met ‘n aanvoeling vir die liturgie en aanbidding.
- Verkieslik jonk, maar met goeie bedieningservaring om 'n diverse gemeente te kan lei.
- Geestelik-emosioneel volwasse met ‘n positiewe lewensuitkyk wat die waardes van respek, deernis, openheid en luister beoefen.

Vergoedingspakket

- Volgens Sinodale riglyne.
- Doelmatige pastorie is beskikbaar.

Aansoeke

- E-pos aansoeke na die Kerkkantoor: ngkkleinmond@gmail.com
- Alle aansoeke moet vergesel word van die volgende: ‘n Aansoekbrief, 'n volledige CV (nie meer as 3 bladsye nie), die name van 3 onlangse, kontakbare en relevante referente. Stuur asb. ‘n kort bekendstellingsvideo waarin jy jouself kortliks bekendstel en jy jou bedieningservaring, bedieningsvoorkeure, besondere gawes, visie en roeping beskryf aan ngkkleinmond@gmail.com. Stuur asb. ook skakels na jou erediensopnames en aanlyn eredienste aan genoemde e-posadres.
- Sluitingsdatum: 13 Januarie 2023 voor 09:00.
- Onderhoud: Kandidate wat die kortlys haal, moet tussen 17 en 24 Januarie 2023 vir ’n persoonlike onderhoud beskikbaar wees.
- In terme van die POPIA-wetgewing (Protection of Personal Information Act) gee kandidate toestemming dat die inligting wat in hul CV's of op enige ander wyse beskikbaar gestel word deur die pre-advieskommissie en kerkraad van die NG Kerk Kleinmond vertroulik gebruik en gedeel mag word vir die oorweging en afhandeling van kandidate se aansoeke vir die pos waarvoor aansoek gedoen word.

Navrae

- Jannie Hougaard, voorsitter Kerkraad: 083 680 7694, hougaardjan@gmail.com
- André Theron, voorsitter Pre-advieskommissie, 076 903 8271, lali.theron@gmail.com
- Nienie Burger, Skriba: 083 757 0806 / 028 271 3470, ngkkleinmond@gmail.com

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.